

Sing vooraf staande: Psalm 18:20

20-

U wat my red, my hoog verhef, / die vyand fnuik, tiranne tref -
U wil ek loof, U singend eer, / U by die nasies groot maak, HEER,
en U vir groot verlossings prys! / Aan u gesalfde-is guns bewys,
aan Dawid en sy nageslag: / U sy die eer en roem en krag!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 8:1,4

-1-

Daar is geen land so ver of woës geleë, / geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid - / of orals blink u Naam en majesteit.

-4-

wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlijkheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 31:12

Wet

Psalm 31:12

-12-

HEER, in u hande is my tye;
ek steun in al my leed
op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye.
Red my, o sielsverblyder,
van vyand en bestryder.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 33:1

-1-

Sing vrolik, hef die stem na bowe;
regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe
en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange - stem van sterk verlange
om die HEER te dank -
by die smeltend-skone harp- en sitertone,
liefde en lof verklank!

Skriflesing: Efesiërs 4

Teks: Efesiërs 4:1

Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. Efesiërs 4:1-3

In die gemeente van Efese was daar heidene en Jode wat Christene geword het. As gevolg van iets wat voorgeval het, het die heidenchristene toe begin wonder of hulle ook werklik deel in al die genade van die Here Jesus Christus.

- Hulle kon net nie ontslae raak van hulle verlede nie.
- Hulle kom dan nie uit 'n lang tradisie met die verbond soos die Jode nie en hulle families was in die meeste gevalle nog oortuigde heidene.
- Waar pas hulle nou presies in die genade van die Here Jesus Christus?

Paulus stuur die preek – die hele Efesiërbrief – aan hulle.

- In die eerste drie hoofstukke skryf hy van al die weldade van die Here Jesus - die verlossing en die ewige lewe.
- Van hoofstuk 4 af skryf hy aan die heidene dat hulle in al hierdie dinge deel.
- Hy skryf dat die gemeente die woonplek van God is – en dan is die agtergrond dat hierdie gemeente uit heidene en Jode saamgestel is.

Paulus neem toe as teks vir die dinge wat hy aan hulle skryf in hoofstuk 4, die geskiedenis van die ark.

- Dawid het die ark van Kirjat-Jearim af gaan haal. Die geskiedenis staan neergeskryf in 2 Samuel 6.
- By daardie geleentheid dig Dawid Psalm 68 waarin hy die almag en oorwinning van God besing.
- Paulus neem hierdie gedeeltes en baseer die gedeelte wat ons gelees het, daarop. Hy haal ook gedeeltes uit Psalm 68 en 2 Samuel 6 aan.

Die inhoud van hierdie deel van sy preek is dat die gemeente van Efese deel in die rykdom van God se genade.

- Maar juis daarom moet hulle gedring word tot 'n lewenswandel wat in ooreenstemming is met die genade wat hulle van God ontvang.
- Hierdie lewenswandel beteken nou hulle gedrag in al hulle verhoudinge waarin hulle staan en beweeg.
- Ons kan met alle reg sê dat hier 'n hemelse roeping in hierdie gedeelte is.

In vers 1 noem Paulus homself 'n gevangene van die Here.

- Hy sit, op die stadium wanneer hy hierdie brief skryf, in die tronk.
- Hy beskou dit so dat hy 'n gevangene is omdat hy gemeenskap met die Here beoefen en omdat hy sy geloof in diens aan die Here voluit uitleef.

Dit is die bedoeling van “ek, die gevangene”.

- Sy gevangenskap gebruik hy hier as 'n voorbeeld vir sy lesers.
- Hy het die reg om te vermaan en aan te spreek, want hy weet waarvan hy praat.
- Al die dinge waarvan hy verder skryf het hy juis gedoen, want dis waarom hy in die tronk sit.

Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig aan die roeping waarmee julle geroep is, ...

Dis so 'n groot voorreg om deur God geken te word, veral dan as sy eiendom – as 'n verlore in Christus – dat ons lewe dit moet uitstraal. Paulus noem dit: waardig wees aan...

Dink nou aan die saak: ons moet 'n lewe lei wat waardig is aan die waarheid van die Here Jesus Christus.

- 'n Lewe wat waardig is aan die hoogheid van die Here Jesus Christus.
- 'n Lewe wat waardig is aan sy heerlijkheid en aan die heerlijkheid wat Hy in ons uitgiet.
- 'n Lewe wat bewys dat ons juig omdat God ons waardig geag het dat Hy ons geroep het in sy genade.

Ons moet op so 'n manier lewe dat dit duidelik is dat ons al klaar opgewek is uit die dood van ons sondes.

- Hoe lewe ek nou so 'n lewe?
- Dis nie eers maklik om net te verstaan wat se genade ons alles ontvang nie, hoe moet 'n mens dan nou nog waardig aan alles lewe?

Daarom onderrig die Heilige Gees ons nou verder deur Paulus se pen:

- Lewe met elke moontlike soort nederigheid.
- Wees nederig in jou gedagtegang.

Ons leef selfverheffend.

- Ons wil nie die minste wees nie.
- Ons wil ook nie deur ander verneder word nie.
- Ons is pynlik bewus van allerhande soorte skandes wat 'n mens kan oorkom, en ons sal dit met brutaliteit probeer verhoed.

Nou sê die Here dit is 'n lewe wat onwaardig is aan sy genade.

- Hy vra ootmoed, waardering en nederigheid. 'n Juiste waardering van my eie persoon.
- Ek moet my in my eie swakheid en gebreektheid sien.
- Ek moet bewus wees van my verstandelike tekortkominge, van die onedelheid van my wense dikwels en van my sondige onwaardigheid voor God.

Verder noem die Bybel sagmoedigheid en lankmoedigheid.

- Sagmoedigheid is die vermoë om jou onder alle omstandighede gewilliglik te skik na die leiding van die Here.
- Dis ook om wanneer mense jou doelbewus versondig, steeds kalm en beheersd te bly.

Dan spits jy jou toe op minzaamheid en vriendelikheid, en jy vermy elke vorm van onbeskoftheid en brutaliteit.

- Dis nie net 'n kwessie van jou natuurlike geaardheid om liefdevol te wees nie.
- Dis ook die genadewerking van die Heilige Gees.
- Dit maak ook saak hoeveel keer jy na die stem van die Heilige Gees luister en jou eie wil neerlê in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees se gebod tot liefde en lankmoedigheid.

Dit gaan dus hier oor sielshoedanighede wat by Christene aanwesig is, maar wat deur hulle geoefen moet word.

- Dis baie maklik vir enige mens om ongeduldig te wees.
- Dis baie maklik om sommer jou standvastigheid prys te gee onder druk.
- Maar juis hier word daar van jou deursettingsvermoë gevra - dan is jy waardig aan wat Christus vir jou gee.

Wat sou gebeur het as die Here Jesus nie sagmoedig was nie, veral die aand en nag voor sy dood?

- Sou Hy met soveel waardigheid die dood ingegaan het of sou Hy juis daarmee onwaardig raak en self besmet?
- Of wat sou gebeur het as die Here Jesus se deursettingsvermoë geknak het?

Ons wil nie eers daaraan dink nie.

- Maar daarom is die aanspraak tot my en jou soveel sterker:
- Die Here Jesus het al hierdie dinge gedoen en ons moet op so 'n wyse lewe dat ons waardig is daaraan.

Ons is nou gesalig en ons moet hierdie saligheid met die gepaste waardigheid dra.

- Dit is presies waarom die laaste woorde van vers 2 sê dat ons mekaar ook in liefde moet verdra.
- Daar is nie een van ons wat nie sondes het nie. Almal het. Daarom behoort ons te weet om geduld te hê met 'n medeChristen wat iewers te kort skiet.

Vers 3 doen dan 'n beroep op eenheid in die gemeente.

- Die gemeente is die huis van God. Die tempel waar die ark moet staan – soos Dawid dit genoem het. En die ark is die simbool van God se teenwoordigheid. Die gemeente is saam die liggaam van Christus en hulle moet dit vertoon!

Eenheid in die gemeente veronderstel beslis nie dat almal eenders is nie.

- Vers 7 stel dit baie duidelik dat daar aan ons almal verskillende genade en ook verskillende gawes gegee word.
- Ons moet baie duidelik onderskei waar elkeen van ons pas in die gemeente. Ons gawes sal dit bepaal.
- Ons kry ook genade volgens ons gawes. So staan dit hier geskryf:

Maar aan elkeen van ons is genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus.

Elkeen van ons is geroep tot sy eie diens.

- En elkeen ontvang gawes vryelik en sonder dat ons dit verdien.
- Daarom weer die aanspraak van vers 1 op vers 7:

Wees waardig aan dit wat jy ontvang het!

Vers 8 is 'n aanhaling uit Psalm 68:19:

Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.

Dit verwys ook na wat Dawid gedoen het die dag toe hy die ark gaan haal het.

- Hy het toe ook aan die mense geskenke gegee om sy blydschap en ook die genade van God, te demonstreer.

Hier word die gawes van die Here Jesus Christus aan die gemeente gegee.

- Maar die gemeente word gekwalifiseer: hulle is gevangenes wat gevange geneem is.
- Nou is ons terug by vers 1 waar Paulus al van homself gesê het dat hy 'n gevangene is.
- Sy redenasie het nou so ver gevorder dat hy aan die gemeente bewys het dat hulle ook gevangenes van God is.

Dit bring ons by die Christusprediking van hierdie gedeelte.

- Ons is vasgevang in die sonde. Maar wanneer Christus sterf, dan ruk Hy ons uit die gebondenheid met die satan uit.
- Die Here Jesus neem ons nou gevange vir Hom. Hy maak ons inwoners van sy koninkryk.
- Hy deel aan ons gawes uit om waardig aan Hom in hierdie ryk te kan lewe – nou ten dele, maar eendag ten volle.

Maar nou moet ons ook nie die dinge verkeerd verstaan nie.

- Ons het nie hier te doen met 'n "liewe die Here Jesus sag en teer"-kultus nie.
- Dis die almagtige God wat die satan vernietig het, wat hier opvaar in die hoogte.
- Dis Hy wat ons gevange neem.

In ons vangenskap rus Hy ons toe met gawes tot sy eer.

- Nou bely ons nie meer 'n "liewe die Here Jesus " nie.
- Die Here Jesus is God wat met geweld die hel oopbreek oor ons - en wat met sy almag sy genade oor ons verseël.

Hy het reeds opgevaar na die Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel.

- Hy kom nie weer om genade te bewys nie.
- Dit het Hy klaar gedoen toe Hy ons met sy genade en heerlikheid bekleed het.

Nou kom Hy om te oordeel.

- Hy sal wil weet wat het ek en jy gedoen met sy genade wat Hy aan ons geskenk het?
- Het ons waardig aan sy dood gelewe?
- Het ons die eenheid met Hom en sy kerk waardig uitgeleef?
- Het ons onself belangriker geag as Hy en die gawes waarmee Hy ons opdrag gegee het om te lewe?

Ek vermaan julle dan, ... om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, ...

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 138:1

-1-

'k Sal met my ganse hart, o **HEER**, / U loof en **eer**, u hoogheid huldig,
en voor die gode, in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my **neer**buig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam **eer**biedig lowe.

Die genade van die Here die Here Jesus Christus en die liefde van God en die
gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 7 April 2013

Kolossense 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.

Kolossense 3:3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.